



**AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II
(SKRYFVRAESTEL)**

Tyd: 3 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye. Maak seker dat jou vraestel volledig is.
 2. In hierdie vraestel is daar TWEE afdelings: Letterkunde (Drama en Prosa) en Transaksionele skryfwerk.
 3. Beantwoord VIER vrae: TWEE uit Afdeling A (Letterkunde) en TWEE uit Afdeling B (Transaksionele skryfwerk).
 4. Daar is vrae oor TWEE dramas (Afdeling A) en TWEE prosawerke (Afdeling A) in die vraestel. Beantwoord EEN vraag oor die drama van jou keuse en EEN vraag oor die prosawerk van jou keuse.
 5. Verseker dat jy, waar dit die geval is, albei dele van 'n besondere vraag voltooi.
 6. Jou antwoorde moet presies soos die vrae genommer wees.
 7. Begin elkeen van die vier vrae **bo-aan 'n nuwe bladsy** in jou antwoordboek.
 8. Let noukeurig op die puntetoekenning van die verskillende vrae.
 9. Netheid, leesbaarheid en versorgde taal sal in jou guns tel.
-

AFDELING A LETTERKUNDE**DRAMA**

Daar word in hierdie afdeling vier vrae oor twee verskillende dramatekste gevra. Beantwoord EEN vraag uit Vrae 1.1, 1.2, 2.1 en 2.2 hieronder.

DIEPE GROND – Reza de Wet**VRAAG 1**

Lees die volgende uittreksel uit die drama: **Diepe grond** (deur Reza de Wet) en beantwoord dan Vraag 1.1 óf Vraag 1.2 na aanleiding daarvan:

- GROVÉ: (*kyk onseker van die een na die ander*): Dit lyk vir my ... julle kom darem nou tot bedaring. (*Gaan sit weer*) Sê vir my, meneer ... as dit so **droog** is hier, hoe het u dan genoeg water om vrugte en groente te kweek? 1
- FRIKKIE: Het jy al ooit gehoor van ondergrondse **water**, meneer Grové? 5
- SOEKIE: (*skielik weer trots op haar broer*): En hy het dit gekry, meneer! Frikkie het dit gekry! Vertel hom daarvan, toe, Boetie!
- FRIKKIE: Ag, nee wat, Soekie ...
- SOEKIE (*asof sy 'n feëverhaal vertel*): Frikkie het gesê hy hoor water. Elke aand as hy sy kop op die kussing neersit, dan hoor hy water wat loop. Pa het gesê hy verbeel hom en Ma het gesê hy't was in sy ore. Maar hy't dit nog gehoor. Toe sê ou Alina dis water **onder die grond** – want daar is mense wat sulke dinge kan hoor, het sy gesê. Eindelik het Pa hom ook geglo ... en toe die boormense kom, het hulle naby Frikkie se kamer begin boor – net daar waar die windpomp nou staan. Hulle't nog nie eers diep geboor nie, toe kom die water uit. 10
- FRIKKIE: Die meneer wil nie sulke stories hoor nie, Soekie. (*Aan Grové*) Soos ek gesê het ... ons bly darem so op 'n plan aan die lewe. 15
- SOEKIE (*dromerig*): So het alles begin ... en vandag is ons amper klaar met ons **werk**. (*Loop na die hoop grond en begin met 'n blikkie van die grond opskep en oor die vloer uitstrooi.*) 20
- GROVÉ: Maar, meneer, u is tog nie ernstig nie! U moet tog besef dat dit nie so kan voortgaan nie! Wanneer u al die meubels verkwansel het, wat bly dan oor? Waar sal u dan geld kry om u lewensbenodigdhede mee te bekom? (*Hard en kwaad*) Wil u in 'n bouvallige huis sonder meubels sit terwyl die plaas ten gronde gaan? Dit is 'n **skande** dat u net hier sit en geen poging aanwend om die situasie te verbeter nie. 25

VRAAG 1.1

Lees die volgende kommentaar en voer die daaropvolgende opdrag uit:

'Hierdie drama is op die oog af 'n uitbeelding van hoe twee kinders agteruit boer op 'n tipiese Suid-Afrikaanse familieplaas. Die woordspeling maak die gehoor ook daarvan bewus dat daar in die karakters se dialoog verskeie verskuilde opmerkings oor die Afrikaner se kultuur en waardestelsel gemaak word.'

Ondersteun hierdie kommentaar deur in 'n mini-essay van 300 – 350 woorde

- te motiveer watter betekenis (letterlik en figuurlik) in die vetgedrukte woorde opgesluit is én
- te verklaar wat dit moontlik oor die Afrikaners se kultuur en waardestelsel te sê het.

Jou essay moet 'n paar paragrawe beslaan; die letterlike en figuurlike betekenis van die aangeduide woorde uiteensit én wys hoe jy redeneer om by die tema(s) uit te kom.

30 punte

OF

VRAAG 1.2

Lees die volgende kommentaar oor die drama en sê of jy daarmee saamstem of nie. In 'n mini-essay van 300 – 350 woorde moet jy aandui watter van die volgende stellings in die kol is en watter stellings verkeerd is. In beide gevalle moet gepaste motiverings uit die drama jou sienings ondersteun.

- Die erfenis van jong Afrikaners word deur die inmenging van oudmodiese mense (bv. Grové) vernietig.
- Die jongmense wil die negatiewe invloede in hulle lewens oorkom deur vas te hou aan hulle ouers se opvoeding.
- Die kinders se selfgesentreerde aksies lyk duister, maar eintlik worstel hulle met die bese.
- Hulle bereik die goeie in die lewe al word hulle oppad daarheen letterlik en figuurlik besoedel.
- Die dramaturg, Reza de Wet, sê uiteindelik dat die Afrikaners se tradisies en waardes korrup is.

(Leidraad: Lewer kortliks, in opeenvolgende paragrawe, kommentaar oor elkeen van die bostaande stellings voordat jy met 'n samevattende paragraaf afsluit.)

30 punte

OF

BOESMAN, MY SEUN – Deon Opperman**VRAAG 2**

Lees die volgende uittreksel uit die drama: **Boesman, my seun** (deur Deon Opperman) en beantwoord dan Vraag 2.1 óf Vraag 2.2 daaroor.

- PA: ... Gee hom te veel **liefde** en hy sal jou haat omdat jy hom ingeperk het en 'n bleddie Hitler was; gee hom die vryheid wat hy wil hê en hy sal jou haat omdat jy hom nie lief genoeg gehad het nie. Maak nie saak watter kant toe nie, 'n ouer het **verloor** voor hy begin het. Nog ses maande, om vadersnaam, net ses maande, dan het hy die graad! Dan kan hy met sy lewe doen wat hy wil. 1
- MA: Ses maande is 'n ewigheid as jy diep ongelukkig is. En hy is diep ongelukkig, was dit al die laaste twee en 'n halwe jaar. 5
- PA: My vrou, ek het verwag dat jy my ten minste in hierdie saak sou ondersteun. Die helfte van sy **steeksheid** ontstaan juis uit die aanmoediging wat jy hom gee. 10
- MA: Omdat ek weet hoe dit voel om nie te wees wat jy wou wees nie!
- PA: Wat sê jy nou eintlik? Is jy ongelukkig?
- MA: Jy het self teenoor my erken jy wou graag 'n argitek gewees het.
- PA: Ek het nie 'n keuse gehad nie. Ek moes werk om my ma te onderhou. 15
- MA: Nou ja, ons het dit ten minste reggekry dat hy, anders as ek en jy, 'n keuse gehad het, moenie hom dit ontnem nie.
- PA: Ons het ons gatte afgewerk om hom 'n keuse te gee en nou wil hy dit op 'n loopbaan mors waarin geen **toekoms** lê nie.
- MA: O, ek sien. Hy het 'n keuse solank hy iets kies wat jou pas? Dit is nie 'n keuse nie, dit is nie waarvoor ons gewerk het nie. 20
- PA: Gaaf. Sê nou maar ek laat hom toe om te gaan doen wat hy wil en hy maak die ding klaar en hy gaan in die wêreld uit en ná vyf of tien jaar kom hy na my terug en sê: 'Pa was reg. Daar is nie 'n lewe daarin nie. Jammer Pa.' Wat sal ek dan voel? Hè? 'Jippie, ek was reg!' Hè? Ek wil nie later, ten koste van sy lewensgeluk, reg bewys word nie. Dis nie 'n donnerse kompetisie nie. Dis **my seun**, my enigste seun se lewe waarvoor ek baklei. Is dit vir julle so moeilik om te verstaan? 25

VRAAG 2.1

Lees die volgende kommentaar en voer die daaropvolgende opdrag uit:

'**Boesman, my seun** is een van die werke in die Afrikaanse literatuur wat as voorbeeld kan dien van die 'Boetman-is-die-bliks*m-in'-reaksie van middeljarige Suid-Afrikaanse mans (die seuns van die apartheidsvaders) in die laat negentigerjare. Die rede vir dié reaksie was hulle teleurstelling met die politieke en sosiale veranderinge in die land ná die oorgang tot 'n nuwe bedeling, asook hul besef dat daar vir hulle gelieg is.'

Ondersteun hierdie stelling deur 'n mini-essay van 300 - 350 woorde te skryf waarin jy die vetgedrukte woorde in die teks gebruik om die 'Seun'-geslag se siening oor sake wat hulle grief duidelik te maak.

Jou essay moet 'n paar paragrawe beslaan; die 'ou' en 'nuwe' geslag se menings oor die verskillende sake teenoor mekaar stel én wys hoe jy redeneer om te kan aflei waaroor daar vir hulle gelieg is. (Baseer jou argumente op die dramateks.)

30 punte

OF**VRAAG 2.2**

Lees die volgende kommentaar oor die drama en sê of jy daarmee saamstem of nie. In 'n mini-essay van 300 - 350 woorde moet jy aandui watter van die volgende stellings in die kol is en watter stellings verkeerd is. In beide gevalle moet gepaste motiverings uit die drama jou sienings ondersteun.

- In **Boesman, my seun** is dit duidelik aan die gehoor dat Pa nog altyd sy bedorwe seun wou help, maar dat sy hardkoppige seun hom net stank vir dank gee.
- Ma se liefde vir Pa en Seun is die samebindende krag in hierdie gesin. Sy is selfs na haar dood die rede waarom hierdie twee mense vir mekaar omgee.
- Pa is in werklikheid baie liberaal in sy idees oor hoe Seun groter vryheid kan kry. Seun wil Pa vanweë Pa se onkunde doelbewus ondermyn.
- Die probleem is dat Seun sy pa nog altyd as 'n swakkeling gesien het.
- Die biologiese band tussen Pa en Seun is die bepalende voorwaarde vir hulle gelukkige verhouding.

(**Leidraad:** Lewer kortliks, in opeenvolgende paragrawe, kommentaar oor elkeen van die bostaande stellings voordat jy met 'n samevattende paragraaf afsluit.)

30 punte

EN**PROSA**

Daar word in hierdie afdeling twee reekse vrae oor twee verskillende tekste gevra. Beantwoord Vraag 3 of Vraag 4 hieronder oor die werk wat jy bestudeer het.

VRAAG 3**DOUSPOOR – Rudi Daniels en Gordon Julies**

Lees die volgende uittreksels uit die kortverhaal **In grys se duisend kleure** (deur Manie Groenewald) en beantwoord dan beide dele van Vraag 3 daarvoor:


- Uiteindelik kan hy groet en onder sy ma se oë uitkom. 1
- Maar voordat hy by die agterdeur uit is, vra sy: 'Hoekom deesdae so vroeg skool toe, Jakus?'
- 'Daar's dinge in die kunsklas wat moet klaar, Ma.'
- Hy druk die deur vinnig agter hom toe. 5
- Dis nie heeltemal 'n leuen nie. Voor die skoolklok lui, moet hy by ou Kwassies uitkom. Dié het hom gisteraand kom waarsku dat as hy volhou met sy skool-slippery, daar nie langer teen sy skorsing gepleit kan word nie. Hy het hierdie laaste kans, maar dan moet hy vandag terug wees.
- Kwassies sê weer daar is lieg in sy werk. 10
- 'As dit dan moet gaan oor optiese studies, moet dit ten minste gaan oor wat jy sien,' sê hy. 'As dít jou doel was, waar kom die blou voëls vandaan?'
- Jakus ruk hom op.
- 'Uit die vlei. Hulle wás daar, Meneer. Nes ek hulle geskilder het!' 15
- 'Onmoontlik. Ek het kenners gaan uitvra. Die naaste daaraan is die blou-kwartel en dié kry mens nie hier nie.'
- Die volgende oggend is sy daar. Hy kan haar vreugde aanvoel. Sy sit op die platkroonklip met haar klere netjies langs haar opgevou.
- Die eerste keer dat sy haar klere uitgetrek het, was nadat hy sy 20
- kunsboeke vir haar kom wys het. Toe wou sy hê hy moet haar skilder net soos in daardie boeke. Losgelaat het sy op die plat klip gestaan. Uitbundig. Weier kon hy nie. Hy wóú nie nee sê nie.
- Uiteindelik weet hy hulle sal nooit verstaan nie. 25
- Nooit.
- En in die nagalm van sy skreeue raak alles versluierd om hom; die strak gesigte 'n monochrome galery, die woorde wat oor hom heen skeer, kripties, die hande wat hom vasgryp en uiteindelik gebiedend weglei, die honger kloue van 'n aasdier.
- In die dae nadat Caria en die moeras finaal van hom weggeneem is, 30
- druk hy die deur vir die hoeveelste keer agter sy ouers op knip. Hulle kom elke Sondagagtermiddag en bly dan stiptelik volgens die besoekure. Hy is bly hulle sit nie langer nie, want dan sal hy laat wees vir sy afspraak met die son.

Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Doen beide dele.

DEEL A

In hierdie verhaal is een van die sterk **temas** dat die lewe vol situasies is waar mense verkeerd verstaan word. Die resultaat hiervan is dat daar 'n geweldige kommunikasiegaping tussen die verskillende karakters ontstaan.

Herteken die volgende ideekaart in jou antwoordboek en maak by elke opskrif TWEE verduidelikende, teenstellende inskrywings. Die een inskrywing moet Jakus se siening van sake weergee en die ander inskrywing moet die 'grootmensewêreld' se siening van gebeure verwoord.



10 punte

EN

DEEL B

Gebruik jou inskrywings van Deel A (asook ander relevante inligting) en skryf 'n literêre opstel (500 woorde) waarin jy uiteensit **hoe die karakters se teenstellende sienings van situasies Jakus se lot verseël.**

Maak seker dat jou literêre opstel die volgende struktuurelemente insluit:

- 'n stelling oor die onderwerp in die inleiding
- verduidelikende paragrawe rondom kerngedagtes
- relevante teksaanhalings/ -verwysings
- 'n formele styl
- 'n samevattende slot

20 punte
OF
INFANTA – Deon Meyer**VRAAG 4**

Lees die volgende uittreksels uit die spanningsroman **Infanta** (deur Deon Meyer) en beantwoord dan beide dele van Vraag 4 daarvoor:

- | | |
|--|----|
| Hy wil nie die vrou teregstel nie. Dis sy eerste probleem. | 1 |
| 'n Oorlog teen vroue is nie 'n oorlog nie. Nie sý stryd nie, nie 'n Struggle waarby hy betrokke wil wees nie. Dit weet hy nou, sedert Laurens. Laat die regsproses, so gebrekkig soos dit is, maar verantwoordelikheid neem vir die vroue. | 5 |
| Maar as hy haar los, hoe maak hy met die man? Dit is sy tweede probleem. | |
| Hy wil hom wakker maak. Hy wil hom 'n wapen gee en vir hom sê: 'Veg vir jou reg om 'n tweejarige se skedel te kraak, sodat jy kan sien waar geregtigheid lê.' Maar die vrou sal wakker word. Sy sal hom sien. Sy sal ligte aansit. Sy sal in die pad wees. | 10 |
| Sy stamp die lem in haar voet in, so diep as wat sy kan. Sy kan nie help om die geluid te maak nie, dit val oor haar lippe. Maar die pyn is intens. Dit brand die seer dood, dit oorheers alles, net soos sy gehoop het. | 15 |
| 'Sangrenegra. Hoe het jy vir hulle begin werk?' | |
| 'Ek werk nie vir Sangrenegra nie.' | |
| 'Nou vir wie werk jy?' | |
| 'Ek werk vir die SAPS.' | |
| 'Nie op die oomblik nie.' | 20 |
| Dit neem 'n lang ruk voor Griessel snap wat hy bedoel. Weer die selfironiserende lag van agter af. 'Jy dink ek is korrup. Jy dink dis wat ek bedoel het toe ek netnou gesê het ...' | |


'Wat anders?'	
'Ek suip, dis wat ek doen. Ek suip my fokken lewe weg. My vrou en my kinders en my werk en myself. Ek het nog nie 'n sent van enigiemand gevat nie. Ek het nie nodig gehad nie. Die drank is doeltreffend genoeg as jy jousef wil opfok.'	25
'Nou hoekom ry ons hier – hoekom is ek nie in 'n sel in Port Elizabeth nie?'	30
Dit kom as 'n uitbarsting en hy hoor die woede én die vrees in die wit man se stem: 'Want hulle het my dogter. Die broer van Carlos Sangrenegra het my dogter gevat. En as ek jou nie vir hulle gee nie, gaan hulle ...'	
Griessel sê niks verder nie.	35
Tobela het al die stukke van die legkaart en hy hou nie van die voltooide prentjie nie.	
'Wat is haar naam?'	
'Carla.'	
'Hoe oud is sy?'	40
Griessel neem lank voor hy antwoord, asof hy die sin van dié gesprek eers wil bepeins. 'Agtien.'	
Dan besef hy die wit man hoop, en hy weet hyself sou ook, as hy in dieselfde posisie was. Want jy kan niks anders doen nie.	
'Ek sal jou help,' sê hy.	45
'Ek het nie jou hulp nodig nie.'	
'Jy hét.'	

Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Doen beide dele.

DEEL A

In hierdie verhaal word die lotgevalle van verskeie karakters ineengewef. In hierdie proses tree een van die **temas** van die verhaal, *dat pyn mense kan bevry*, sterk na vore. Dit dwing die leser om 'n waarde-oordeel te maak oor die wyse waarop sekere situasies hanteer word en wáár sy/ haar empatie moet lê.

Herteken die onderstaande ideekaart in jou antwoordboek en maak by elke opskrif twee gepaste, verduidelikende inskrywings om die tipe pyn en die verandering wat vir 'n karakter daaruit vloei, aan te dui:



10 punte

EN

DEEL B

Gebruik die inskrywings van Deel A (asook ander relevante inligting) en skryf 'n literêre opstel (500 woorde) waarin jy uiteensit **hoe die pyn in die karakters se lewens hulle geaardheid en hulle lot verander.**

Maak seker dat jou literêre opstel die volgende struktuurelemente insluit:

- 'n stelling oor die onderwerp in die inleiding
- verduidelikende paragrawe rondom kerngedagtes
- relevante teksaanhalings/ -verwysings
- 'n formele styl
- 'n samevattende slot

20 punte

EN

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK KORT SKRYFSTUKKE

Doen albei die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 5

Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Doen beide dele.

DEEL A

Kyk na die **voorbeeld van redaksionele kommentaar** wat hieronder gegee word. Identifiseer, aan die hand van die vrae wat oor die skryfstyl gestel word, vyf eienskappe wat tipies van hierdie skryfvorm is. Kyk veral na die skryftechniek ín, en die verband tússe die paragrawe. Kies die regte antwoorde uit die gegewe lysie by elke stelling ten einde hierdie vyf eienskappe uit te wys.

LW. Hierdie teks is net 'n VOORBEELD om jou te help om sekere eienskappe van hierdie tipe skryfstuk raak te sien. Moenie te lank daaraan lees nie.

Misdaadsyfers	
Dis al 'n gewoonte in Suid-Afrika dat misdaadstatistiek met gemengde reaksie ontvang word.	} 5.1
Enersyds gryp die regering en polisiehoofde na enige afname in misdaad om die wêreld te probeer oortuig dat die stryd teen misdaad gewen word.	
Aan die ander kant is dit moeilik om mense te oortuig dat waar hulle woon, minder onder misdaad ly. Veral as die media daagliks berig oor hoe onskuldige mense vermoor, aangerand, verkrag en gemartel word.	} 5.2
Pres. Thabo Mbeki het 'n stappie te ver gegaan toe hy 'n internasionale verslag wat Suid-Afrika oor misdaad aanvat, as oordrewe bestempel het.	
Hy het gesê die paneel se lede het aan 'populistiese persepsies' toegegee in hul bevinding dat die land onaanvaarbare hoë vlakke van geweldsmisdaad beleef. Suid-Afrika se president, en sy raadgewers, bly sekerlik agter baie hoë en duur veiligheidsmure – en lees ook nie koerante nie.	} 5.3
Is dit nie erg dat 18,7 uit elke 100 000 Suid-Afrikanners vermoor word nie? Is dit regtig vir die polisie onduidelik waarom ekstreme geweld in misdaad gebruik word?	} 5.4
Dalk is dit tyd dat elke polisiekantoor se individuele statistieke weer openbaar gemaak word, sodat ons self kan oordeel.	
Misdaad kan nie langer weggepraat word nie. Aksie is nodig!	} 5.5

[Beeld: *Kommentaar*, 10 Desember 2007]

Verwys na die blokkies in die kantlyn hierbo. Kies vervolgens die gepaste antwoord by elkeen van die genommerde stellings en skryf dit neer:

- 5.1 Die eerste paragraaf se funksie is om ...
- aan te dui watter onderwerp nie bespreek mag word nie.
 - duidelik te maak hoe die redakteur oor die saak voel.
 - 'n neutrale standpunt in te neem. (1)
- 5.2 Die skrywer redeneer deur in opeenvolgende paragrawe ...
- net een siening oor die onderwerp uit te lig.
 - 'n versoenende siening, ter wille van nasiebou, oor te dra.
 - teenstellende sienings oor die onderwerp in te sluit. (1)
- 5.3 Die redakteur gebruik 'n ... toon in sy skryfwerk om te toon dat ander nie die onderwerp verstaan nie.
- sarkastiese
 - humoristiese
 - sensasionele (1)
- 5.4 Die skryfegniek wat, soos in hierdie paragraaf, gebruik word om twyfel aan te dui is ...
- vraagopeenstapeling.
 - hipotetiese vraagstelling.
 - retoriese vrae. (1)
- 5.5 Die slotparagraaf maak dit duidelik dat die redakteur ...
- 'n ander benadering oor die onderwerp wil bevorder.
 - neutraal staan teenoor die bespreekte saak.
 - die owerheid se siening oor die saak ondersteun. (1)

5 punte

EN

DEEL B

Jy is die redakteur van *Rapport* wat die onderstaande teks as hoofartikel publiseer.

Skryf die redaksionele kommentaar (150 woorde) wat saam met die artikel gaan verskyn. Die redaksionele kommentaar moet fokus op die elektrisiteitskrisis wat die land aan die begin van 2008 geteister het.

(**Leidraad:** Hou gerus jou lys eienskappe in Deel A in gedagte terwyl jy jou kommentaar skryf.)

(15)

Jaar se eerste 14 donker dae ...

Johan Eybers – Johannesburg

In die eerste veertien dae van die 2008-kragkrisis, is verlede jaar se totale tekort aan elektrisiteit reeds oortref.

Die omvang van Suid-Afrika se groterwordende krisis oor kraglewering word deur dié stukkie statistiek getoon. En alles dui daarop dat dit net gaan vererger.

Pres. Thabo Mbeki se kantoor het gister gesê die president gaan Dinsdag met Eskom se bestuur vergader.

Mnr. Themrani Bukula, woordvoerder van die Nasionale Energiereguleerder (Nersa), sê verbruikers het vanjaar reeds 12 gigawatt-uur (GWh) meer krag as in 2007 verbruik en die situasie vererger daagliks.

Die afgelope week moes 'n rekordgetal kragonderbrekings ingestel word om te verseker dat die land se elektrisiteitsnetwerk nie ramspoedig in duie stort nie.

'Dit voorspel dat kragonderbrekings veral in die winter net gaan toeneem,' sê Bukula.

Eskom sê die tekort aan reserwekrag en elektrisiteit is te wyte aan kragstasies wat nie die opwekkingsvermoë het om in die land se vraag te voorsien nie.

Maar 'n daaglikse instandhoudingsverslag van sestien van Eskom se kragsentrales vertel 'n heel ander storie. Luidens die verslag vir Vrydag 18 Januarie was 42 van 150 turbines by kragstasies regoor die land buite werking. Dit is ruweg een uit elke drie beskikbare turbines by dié krag-sentrales.

Mnr. Sipho Neke, Eskomwoordvoerder, sê dié turbines is buite werking weens instandhouding en dit plaas geweldige druk op die netwerk om volstoom te werk.

'n Senior Eskom-werknemer wat anoniem wil bly, het aan **Rapport** gesê die instandhoudingswerk kan nie gedoen word nie weens 'n tekort aan gekwalifiseerde tegnisi en verouderde netwerke.

Ekonomie soos mnr. Richard Downing sê Suid-Afrika verloor daagliks R500 miljoen aan produksie wanneer die elektrisiteitstoevoer twee uur lank onderbreek word.

Volgens mnr. Dick Kruger, woordvoerder van die Kamer van Mynwese, kan hierdie koste binne 'n jaar ophoop tot R144 miljard.

Verder raak kragonderbrekings ook die mynbedryf, wat nie sonder ononderbroke elektrisiteitstoevoer kan funksioneer nie.

Die Vereniging vir Elektriese Kontrakteurs sê slegs SABS-gesertifiseerde kragopwekkers is voldoende en dat dit deur 'n kenner geïnstalleer moet word.

Mnr. Bongani Nqwababa, Eskom se finansiële hoof, het gesê geen nuwe private projekte wat baie elektrisiteit verg, moet tot 2013 onderneem word nie omdat daar nie genoeg krag is nie.

[Aangepas uit: *Rapport*, 2008/01/21]

20 punte

EN

VRAAG 6

Jy is 'n resesent vir die reistydskrif *Weg*. Jy moet die volgende artikel oor hamburgers voltooi deur in dieselfde omgangstaal-styl (in twee paragrawe van 100 – 120 woorde elk) kommentaar te lewer oor **KFC** en **Whistlestop**.

Vir hierdie doel moet jy die opskrifte van tekste 1 en 2 in die onderstaande teks gebruik om soortgelyke inligting by nommer 3 en 4 oor die kos te gee. Jou styl moet geskik vir jonger lesers wees en, volgens die opskrif, positief of negatief wees.



1

MACDONALDS

Vinnig en vriendelik

- **Voorkoms van die winkel:**
Klinies, soos in 'n apteek.
- **Diens:** Soos al die meisies wat ek in my jong dae geken het – smaakvol en vriendelik.
- **Bestelling:** Big Mac en tjips
- **Prys:** R23,40
- **Bereidingstyd:** 1 min. 1 sek.
- **Jy kry ...**
twee dunnerige *patties* wat tussen drie dunnerige rolletjies versprei is. Daar is ook vars blaarslaai, kaas, agurkies en so 'n blerts mayonnaise-*mix*.
- **Jy sien ...**
'n torinkie brood met grys en groen goeters.
- **Jy proe ...**
die bewys dat 'n paar stukkies brood nie sommer die geur van vleis kan oordonder nie. Tog, alles is in harmonie. Die vleis, brood, slaai en kaas – selfs die skerp agurkie en dik *mayo* – smelt saam om jou eetlus met 'n glimlag te stil.
Die Big Mac is ook *nét* genoeg. Jy word nie oorval deur 'n begeerte om jou geld terug te vra of om George Bush te bel nie. Gelukkig voel jy ook nie lus om agter 'n boom te gaan lê voor jy agter die wiel in klim nie.



2

WIMPY

Nie net lekker koffie nie

- **Voorkoms van die winkel:**
Oop, groot en helder. Uma Thurman en John Travolta kan selfs hul twist-toneel uit *Pulp Fiction* hier uitkap.
- **Diens:** Energiek, deeglik en bekwaam.
- **Bestelling:** Dubbelkaasburger en tjips
- **Prys:** R32,45
- **Bereidingstyd:** 4 min. 45 sek.
- **Jy kry ...**
'n gesonde *patty* in 'n lywige *bun* met groen goed, agurkies, tamatie en 'n lekker skyfie romerige kaas.
- **Jy sien ...**
'n stewige hamburger met lekker vars *buns* en 'n apytwekkende stuk vleis wat uitloer. Dit lyk deksels lekker.
- **Jy proe ...**
goeie vleis, definitief. Die agurkies is 'n bietjie oordonderend en iewers het iemand se hand met die soutpot geglip. Die rolletjies is vars en absorbeer die meeste van die lastige vette sodat die Wimpy-kaasburger seker een van die beste burgers is om te eet terwyl jy bestuur.

3



KFC *Dié kolonel kan*

4



Whistlestop *Niks om oor te fluit nie*

20 punte

Totaal: 100 punte